# Herdenk

## Huisgeloof- en groeigroepmateriaal






**INLEIDING:**

Kwartaal temas 2026

| Kwartaal | Fokus | Detail | Sosiaal |
|---|---|---|---|
| Kwartaal 1 | Herdenk | Ou testament<br>+ Lydenstyd | Bybelse ete |
| Kwartaal 2 | Herinner | Geloofsbelydenis Reeks | C-Fees |
| Kwartaal 3 | Herstel | 40dae Karakters Reeks | Erfenis |
| Kwartaal 4 | Hervorm | 10de Maand (Solas) | Kerssang |

Die verbond vorm deel van ons reis van herdenk waar ons veral in die Ou Testament kyk na God se pad met mense.

Mag dié herdenk pad nie net lei tot kennis oproep of uitbreiding van verstaan nie, maar tot 'n dieper, wyer en praktiese uitleef van my verhouding met die lewende God.

**Onthou:**

Ons doelwit by die Groeigroepe in 2026 is om in dié jaar elke groep **aan te moedig** (*soos Sondag se teks in Hebr 10 ons geleer het*), om ten minste een nuwe groeigroep te help begin, sonder om julle bestaande groep prys te gee.

**Doenaktiwiteit:**

Neem foto's van julle gestuurdheid van die stuursel wat julle ondersteun soos die kwartaal vorder en ook fotos van die nuwe groep wat julle gaan begin.

Stuur die foto's DV **8 Maart se week** na julle spanleier.




**Verloop van byeenkomste**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

- Dank die Here vir Sy beskerming, dat ons nie bang hoef te wees nie
- Bid verder tot die Here oor die nuwe groep wat julle dié jaar gaan begin.
- Tree in vir ons dorp, omgewing (reën), en groei in Sy kerk.

3. **Gestuur**

Laat iemand uit jul groep terugvoer gee oor kontak met die stuursel.
Bid hierdie week vir dié stuursel (sending projek) se behoeftes.

**Skrif:**

**Teks: (Lees die hele Genesis 15:1-21 saam)**

**GENESIS 15**

**[17] Toe die son ondergegaan het en dit donker was, gaan daar skielik 'n oond wat rook en 'n fakkel wat brand, tussen die stukke vleis deur.**

**Kerngedagte:**

- God, die Almagtige, neem weer eerste inisiatief. Deel met mekaar wat was menslik onmoontlik om te doen in hoofstuk 15?

---

---




**Skrif:**
**Teks: Genesis 15:1**
"Moenie bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees."
:2 Toe sê Abram: "Here my God, wat kan U vir my gee?

Abram het nie idee gehad hoe groot sy beloning sou wees nie.
Hebreërs 10 praat ook van God se beloftes aan ons en dat ons daarom nie moed moet verloor nie, maar bly hoop en glo op Sy beloftes. Watter beloftes van God staan vir julle uit in die Bybel?

*Notas*

Kyk na God se belofte in :5
Toe het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en vir hom gesê: *"Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan." Verder sê die Here vir hom: "So baie sal jou nageslag wees."*
Daar is 100 sextillion to 2 septillion stars (10^23 to 2 x 10^24) in die uitspansel. Kom ons sê sommer ontelbaar.
Wat sê dié belofte van God vir julle oor God se almag?




*Notas*

---

---

---

Ons is **deel van daardie belofte** volgens Gal 3:26
As ons vandag herdenk wat God se pad met Abram was sê Hebr. 11:11
Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy God wat dit beloof het, getrou geag het.

**Konkrete daad:**

- Deel met iemand hierdie week die verandering wat God in jou lewe gebring het of van ‘n belofte of gebed wat Hy op ‘n wonderbaarlike wyse beantwoord het.

**<u>Gebed</u>**

Abba, Vader, help my om soos Abram aan U vas te hou en te bly glo, al lyk alles om my onseker of al wil die wêreld my druk om bang te word. Ek weet U is by my, U weet alles, U is lief vir my en in U hande is alles moontlik.
Amen.

---